DIT WAT INGAAN EN UITKOM

Die blare van plante is eintlik wonderlik! Dit neem besoedelde lug op uit die omgewing, verwerk die vuil lug, en laat suurstof vry. So dit maak van iets leliks, iets moois!

Ek dink dit is ook wat Jesus van ons verwag om te doen. Ons moet die "lelike" om ons, soos geestelike pyn, hartseer, die moeilike omstandighede in ons mooi land, waarneem (inneem) daaroor dink, en iets positiefs daarmee doen.

In Markus 7 : 14 – 26 lees ons dat niks wat in ons ingaan ons kan verander (onrein maak) nie! Dit is wat uit ons uitkom wat dinge kan verander. Wat uitkom kan iets positiefs wees!

- Ek verander wat negatief is in iets positiefs. Jy span jou energie in om 'n verskil te maak in jou omgewing, of vir mense wat swaar kry en leef so jou Christenskap uit.

Dit wat uitkom kan ook iets negatiefs wees!

- Dink maar hoe kan jy iemand breek met jou woorde, jou gedrag, jou besluite!
- Skinder ek graag saam en beswadder mense agter hulle rug?
- Is my gedagtes konstant negatief?

Strewe daarna om jou medemens te help en na die wil van Christus te lewe – met dit wat uitkom!